DIE GELYKHEIDSHOF, GEHOU TE JOHANNESBURG

In die saak tussen:

AFRIFORUM

Klaer

en

JULIUS SELLO MALEMA

Eerste Respondent

en

AFRICAN NATIONAL CONGRESS

Tweede Respondent

STAWENDE BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

ERNST ALEX ROETS

verklaar hiermee onder eed soos volg:

1. Ek is ‘n meerderjarige manspersoon en die nasionale voorsitter van die jeugstrukture van die klaer.

2. Ek is bevoeg en in staat en behoorlik daartoe gemagtig deur die klaer om hierdie eedsverklaring namens die klaer te maak en die klag in die naam van die klaer aanhangig te maak.

3. Die besluit van die direksie van die klaer om die klag te lê is op ‘n vergadering van die direksie geneem. Aangeheg as aanhangsel “EAR 1” is ‘n uittreksel uit die notules van die klaer geteken deur die sekretaris en voorsitter van die direksie van die klaer ter bevestiging van die gemelde magtiging.

4. Die inhoud van hierdie verklaring val binne my persoonlike kennis (behalwe waar anders vermeld word of uit die konteks anders blyk) en is waar en korrek.

5. Waar ek vermeld dat ek geadviseer word met betrekking tot die een of ander aspek is dit advies wat van die regsverteenwoordigers van die klaer afkomstig is en wat ek aanvaar korrek is.

6. Die klaer is **AFRIFORUM**, ‘n Artikel 21 Maatskappy behoorlik ingelyf kragtens die Maatskappye Wet, Wet 61 van 1973 met geregistreerde adres te Eendracht Straat 1, Kloofsig, Centurion, Gauteng, handelende namens sy lede in besonder en ook namens ‘n klas persone wat algemeen bekend staan as die Afrikaners van Suid-Afrika.

7. Die eerste respondent is **JULIUS SELLO MALEMA**, ‘n meerderjarige manspersoon, werksaam as die president van die African National Congress Youth League, Luthulihuis, 54 Sauerstraat, Johannesburg.

8. Die tweede respondent is die **AFRICAN NATIONAL CONGRESS,** ‘n politieke party geregistreer kragtens die kieswette van die Republiek van Suid-Afrika met adres te Luthulihuis, 54 Sauerstraat, Johannesburg.

9. Uit die feite hieronder uiteengesit sal dit blyk dat die Eerste respondent hom skuldig gemaak het aan haatspraak, soos gedefinieer in artikel 10(1) van die *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, No 4 of 2000* (“die Wet”).

10. Gedurende die Eerste respondent se verjaarsdagfeesviering, op 3 Maart 2010, het die Eerste respondent ’n lied, genaamd Awudubule (i)bhunu (“die lied”), gesing, hy het ook teenwoordiges by die betrokke funksie uitgenooi en aangemoedig om saam te sing. Die gebeure het wye prominensie in die nasionale media geniet en ‘n klankopname is ook op

die internet gepubliseer by http://multimedia.timeslive.co.za/audio/2010/03/inside-malemas-party/.

11. Die tersaaklike versreëls van die lied, in Afrikaans vertaal, lui soos volg:

"Hulle is bang, die lafaards
Skiet jy tog die / 'n boer!
Hulle (be)roof, hierdie honde"

12. Ek doen aan die hand dat die woorde soos hierbo uiteengesit diskriminerend is en haatspraak daarstel deurdat dit na wit mense in die algemeen en Afrikaners in die besonder verwys as –

11.1 Lafaards;
11.2 Rowers; en
11.3 Honde.

Voorts bevat die lied 'n oproep dat wit mense in die algemeen en Afrikaners in die besonder geskiet moet word.

13. Op 9 Maart 2010 het die Eerste respondent ook die lied by 'n kampus van die Universiteit van Johannesburg ook gesing. Die gebeure by die Universiteit van Johannesburg is ook wyd in die media gerapporteer.

14. Die verwysing na "boer" in die lied se betekenis is tweërlei. Enersyds is dit 'n selfstandige naamwoord wat algemeen gebruik word om na 'n landbouer te verwys. Andersyds – en van meer belang vir hierdie klagte – word die woord "boer" ook gebruik as 'n skeldnaam om na wit mense in die algemeen en Afrikaners in die besonder te verwys.

15. Sedert 4 Maart 2010 het die Klaer verskeie oproepe en e-posse van lede van die publiek ontvang wat ons meegedeel het dat hul ernstig gekrenk voel deur hierdie lied en dat hul vrees vir hul veiligheid nadat hulle daarvan verneem het.

16. Op 11 Maart 2010 het die nuusblad Beeld berig dat 'n amptelike woordvoerder van die tweede respondent mnr. Jackson Mthembu, namens die tweede respondent verklaar het dat die lied net 'n bevrydingstryd-lied is. Mthembu word voorts soos volg aangehaal: "Soms sing ons dié lied, want ons herinner onsself aan waar ons vandaan kom." (sien aanhangsel "EAR2")

17. Ek word verder geadviseer dat kragtens artikel 13 van die Wet die klaer bloot 'n *prima facie* saak van diskriminasie en haatspraak moet uitmaak, waarop die bewyslas na die eerste respondent skuif om, op grond van die feite voor die hof, te bewys dat haatspraak nie plaasgevind het soos deur die klaer beweer nie. Dit is my submissie dat die feite hierbo uiteengesit reeds 'n *prima facie*-saak van diskriminasie sowel as haatspraak daarstel.

18. Ek word geadviseer dat die reëls van die Hooggeregshof en die Landroshof ooreenkomstig artikel 19 van die Wet *mutatis mutandis* van toepassing is op die verrigtinge in die agbare Gelykheidshof en dat ek derhalwe ooreenkomstig reël 38 van die Hooggeregshofreëls en reël 26 van die Landroshofreëls getuies kan dagvaar om ter stawing van my klagte hierbo uiteengesit voor die Agbare Hof te kom getuig.

19. Ek gee hiermee kennis van my voorneme om aldus getuies te dagvaar om getuienis voor die hof te lei, indien enige feite hierbo uiteengesit in dispuut geplaas sou word.

20. In die omstandighede en gegewe die feite soos hierbo uiteengesit, pleit ek by die agbare hof om–

    16.1. 'n Verklarende bevel kragtens artikel 21(2)(b) dat die gebruik van die lied Dubula l'Bhunu haatspraak is; en

    16.2. Indien die agbare hof bevind dat die lied wel op haatspraak neerkom –

        1. 'n bevel kragtens artikel 21(2)(d) dat die eerste respondent 'n gepaste bedrag skadevergoeding aan 'n liefdadigheids-organisasie betaal soos met die klaer ooreengekom; en/of

2. ‘n bevel kragtens artikel 21(2)(j) dat die eerste respondent onvoorwaardelik verskoning maak vir sy gebruik vir sy sing van die lied; en/of

3. ‘n bevel kragtens artikel 21(2)(f) dat die tweede respondent gelas word om nie weer die lied te sing tydens byeenkomste nie; en/of

4. ’n bevel kragtens artikel 21(2)(n) dat die saak na die Direkteur van Openbare Vervolgings met die oog op die instelling van strafregtelike stappe teen die eerste respondent verwys word.

5. Sodanige alternatiewe regshulp as wat die agbare Gelykheidshof mag goeddunk.

…….

EA Roets

Ek sertifiseer dat voordat ek die eed / plegtige verklaring geadministreer het ek die deponent die volgende vrae gevra het en die antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(1) Is u bewus van en verstaan u die inhoud van hierdie verklaring?

Antwoord:…….

(2) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord:……

(3) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend op u gewete?

Antwoord:……

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van die verklaring ken en verstaan. Die deponent het die volgende woorde geuiter: “Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God” /”Ek verklaar plegtig dat die inhoud van die verklaring waar is”. Die handtekening/merk van die deponent is aangebring in my teenwoordigheid.

……

KOMMISARIS VAN EDE

"EAR 1"

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN DIE DIREKSIE VAN AFRIFORUM : 10 MAART 2010

Na bespreking word

BESLUIT DAT: Die maatskappy voortgaan met die instel van hofverrigtinge teen Julius Sello Malema en die ANC by die Gelykheidshof in Johannesburg en dat mnr. Ernst Alex Roets gemagtig word om alle beëdigde verklarings met betrekking tot sodanige verrigtinge namens AfriForum af te lê.

Die vergadering is gehou op 10 Maart 2010

. . . . . .

Alana Bailey